Baba & kleuter yp

Slaap, my kindjie, slaap sag

Slaap, my kindjie,
slaap sag, onder
rose vannag.
Eers die armpies
om my nek
en dan warmpies
toegedek.
Môre vroeg, as
God wil, word my
kindjie gewek;
môre vroeg, as
God wil, word my
kindjie gewek.

Slaap, my kindjie,
slaap sag, onder
eng'le se wag;
hulle toon jou in
'n droom kindjie
Jesus se boom.
Slaap nou soet,
hulle wys
jou 'n
droomparadys,
Slaap nou soet,
hulle wys jou 'n
droomparadys.

WOORDE: JAN F.E. CELLIERS (FAK)

Met 'n mandjie rose

Liefste Tannie, ons bring rosies,
rosies blink met môredou;
mooie kleurtjies, soete geurtjies,
en dis alles net vir jou!
Rosies fluister: "Liefde, soentjies",
in verbloemde blommetaal;
rosies fluister: "Liefde, soentjies",
in verbloemde blommetaal.

WOORDE: A.G. VISSER (FAK)